

Die blou planeet?

Om te praat van die “blou planeet” is een manier om na die wêreld rondom ons te kyk.

Dit sinspeel natuurlik op die oorvloed van water rondom die oppervlakte van die aarde (die hidrosfeer), die aarde as een van die planeete wat wentel om die son, ’n middelmatige ster aan die buitewyke van die melkwegstelsel, een van ongeveer 100 biljoen sterrestelsels. Dit dui egter ook op iets moois, kosbaars en geheimenisvol.

’n Manier van kyk

Die manier waarop ’n mens na dinge kyk, maak saak. Baie! Net so maak die manier waarop iets beskryf word, baie saak. Dink aan die verskil tussen die woord “vryheidsvegter” of “terroris” om ’n gewapende man te beskryf.

Of dink aan die verskil wat dit maak om, in navolging van Desmond Tutu, aan die boemelaar wat aan jou deur klop as jou eie broer te dink, aan die prostituut as jou eie suster, aan die verkragter as jou eie neef en aan die smokkelaar as jou eie oom. Inderdaad, God se familie is groter as ons s’n!

Dit blyk ook uit hierdie vier maniere waarop ’n mens na die “wêreld” rondom ons kan kyk.

- Jy kan eerstens, met behulp van Charles Darwin, daarna kyk as ’n stryd om oorlewing waarin net die sterkstes dit maak. Enige vorm van lewe moet kos vind om te kan oorleef en voort te plant. Jy moet eet, of jy word geëet. Ja, daar is ook samewerking nodig om te kan eet en voort te plant, maar dit neem niks weg van die drang om te oorleef nie. Hierdie manier van kyk het baie harde sosiale, politieke en ekonomiese implikasies.

- Jy kan tweedens, met behulp van romantiese digters, na die natuur kyk as iets “O, so mooi”. Jy kan dit bewonder en bewaar.

Die wildernis is egter glad nie so idillies nie. Daar was ook slange in



Ernst Conradie is senior professor in die Departement Godsdiens en Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland.

Eden! Boonop is dit ’n vraag waar daar vir mense in die wildernis plek is.

Dit is ook ’n vraag watter mense, want dikwels is die “ongerepte” natuur net vir welvareendes toeganklik, sodat hierdie manier van kyk dikwels rassistiese ondertone het.

- Jy kan derdens, met behulp van Adam Smith, na die wêreld in terme van natuurlike hulpbronne kyk wat daar is om bewoon, bewerk, gebruik en bestuur te word. Dit is niks anders as “real estate” nie. Die wêreld is daar

te gebruik, en dat dit jou denke en gedrag sal bepaal.

Dié punt kan wel oordryf word asof jou manier van kyk alles bepaal. Dan kyk jy later net na jou manier van kyk, sonder om na die wêreld self te kyk. Hier is die beskrywing van die aarde as “blou planeet” beter, omdat dit ten minste op betroubare wetenskaplike kennis berus. Maar is dit regtig beter?

Die blou planeet, ons blou planeet of ’n blou planeet?

Die term “blou planeet” is ontleen aan die beroemde foto’s wat ruimtevaarders in die 1960’s die eerste keer van die aarde geneem het.

Hierdie foto’s het dadelik gemoeidere gaande gemaak. Mense het gereken dat as die aarde ’n bal van ongeveer een kilometer in deursnee was, dit as iets só kosbaar beskou sou word dat niemand toegelaat sou word om enige skade daaraan te berokken nie. Dit sou bewonder en bewaar word. Dit het ’n wyd verspreide ekologiese boodskap uitgestuur.

Later het mense egter begin wonder of die foto’s self nie simbolies is van die onderliggende probleem nie. Die foto’s was immers slegs moontlik op grond van ruimtevaart – en dié was deel van die koue-oorlog. Boonop verg dit heelwat afstand om só na die

aarde te kan kyk. Dit is vir min mense beskore.

Hier lê dan ook die vraag: Moet ons nie eerder daarop fokus dat ons binne ekosisteme ingewortel is om hulle te verstaan en help versorg nie? Is daar nie iets kouds en afstandeliks in hierdie mooi foto’s nie? Lê die oplossing by ’n kliniese, wetenskaplike objektiwiteit, by die drang om te kan voorspel en beheers, of is dit juis waar die lollyry vandaan kom?

Ander praat daarom eerder van “ons blou planeet”. Hulle wil daarmee sê dat die aarde ons enigste woonplek is. Ons kan nêrens anders tuis kom nie. Ons is nie toeriste nie. Ons eintlike

Hoekom sou die hele geskiedenis van die heelal en van lewe op aarde draai om één spesie wat skaars 200 000 jaar gelede na vore gekom het?

om één spesie se belange te dien. Jy moet daarom hard werk, en sal dan ryklik beloon word.

- Jy kan vierdens, dalk met verwysing na die “New Age”, aan die wêreld as iets byna goddeliks dink. Die natuur is so ontsagwekkend dat jy letterlik die grond waarop jy loop kan aanbid. Dit is kosbaar, want dit is al wat daar is. Maar waar kom die kwaad in die wêreld dan vandaan? Hoe moet jy daarmee in die reine kom?

Eintlik is nie een van hierdie maniere om na die wêreld te kyk, baie aantreklik nie. Dit maak ’n mens ten minste daarvan bewus dat jy nie anders kan nie as om ’n bepaalde invalshoek

woonplek is nie iewers in die hemel nie, maar op die aarde. Eintlik letterlik *in* die aarde, want ons vorm deel van die biosfeer.

Hierdie manier van kyk skep egter 'n ander probleem, naamlik dat jy nog stéeds van die aarde praat asof dit iets is wat aan mense behoort, praat asof dit ons s'n is. Hoekom sou die hele geskiedenis van die heelal en van lewe op aarde draai om één spesie wat skaars 200 000 jaar gelede na vore gekom het? Dit is dalk 'n besonder intelligente spesie, maar moontlik nie so wys soos wat die naam *homo sapiens* (wyse mens) aandui nie. Verder is die vraag natuurlik ook hoeveel "onse" in hierdie pond is. Wie is dit wat die wêreld in besit neem?

Nog ander praat eerder van "n blou planeet". Dit is 'n baie onlangse manier van kyk en spruit uit die eietydse soektogte na ander planete in die melkwegstelsel. Die onderliggende vraag is of daar dalk vorme van lewe op sulke planete is, mits hulle van die regte grootte is en die regte afstand vanaf hulle ster handhaaf.

Die sleutel tot lewe is sekerlik water, sodat enige blou planeet (of wit in die vorm van wolke of ys) sal dui op die moontlikheid, selfs die waarskynlikheid, van lewe. Miskien nie intelligente vorme van lewe nie, maar

nietemin. Ons weet tot dusver egter slegs van een blou planeet. Dit is dus voortydig om te praat van "n blou planeet".

God se blou planeet?

Die vier maniere van hier bo om na die wêreld te kyk, is gelukkig nie die enigste moontlikhede nie. Daar is ook nie net één manier waarop die Bybel oor die wêreld waarin ons woon praat nie.

Die woord "skepping" kan ten beste as 'n herbeskrywing van die woord "wêreld" verstaan word – wat dan daarop dui dat die oorsprong, geskiedenis, hede en toekoms van die wêreld in God se hande rus. Dit is 'n geloofsbelydenis, en op elkeen van die punte allesbehalwe vanselfsprekend.

Elders praat die Bybel van die wêreld as God se beminde (Joh 3:16), maar ook as iets boos waaruit 'n mens verlos moet word (Joh 16).

Paulus gebruik meermale die metafoer van die hele huishouding van God – wat sekerlik nie net mense insluit nie, maar ook geboue, tuine, miere, swaeltjies, bosse, troeteldiere, plaas- en wilde diere.

Kan ons daarom in hierdie tyd praat van God se blou planeet? Sekerlik.

Maar daar is tog iets vreemds aan. Is blou dan God se geliefde kleur? Of dalk

eerder groen? Of dalk 'n kerklike pers? Of dalk 'n sosialistiese rooi met die oog op meer gelykheid in die samelewing? As God lig is, miskien eerder wit? En is swart dan nie vir God ewe mooi nie (soos in "black is beautiful")? Of moet ons maar liever hou by die God van die reënboog?

Die probleem lê natuurlik heelwat dieper: Waar is hierdie God nou eintlik? Sekerlik nie iewers in die blou lug of in die swart nag nie. Die eerste ruimtevaarder, Yuri Gagarin, het op 12 April 1961 tereg verslag gedoen dat God nie in die blou hemel bokant die aarde te vinde is nie.

Die foto's van één blou planeet stel daarom tegelykertyd die Godsvraag aan die orde. Dalk is God se woonplek eerder op (of liever *in*) die aarde, by die mense soos Openbaring 21:3 dit het. Maar waar op dees aarde vind mens God?

Volgens die Christelike getuieis ten minste op een hoogs onwaarskynlike plek, naamlik op Golgota.

Maar darem nie nêr daar nie. Ook in die Gees wat lewend maak, die Duif wat oor die water sweef, in die Fontein met die Water van die lewe. Hierdie water lyk net van ver af blou. Van naby is dit soos 'n veelkleurige prisma, 'n venster op die ewige lewe. Van binne hou dit die geheim van nuwe lewe.



LEWEND EN KRAGTIG?

In gesprek oor God se handeling
in die wêreld

Ernst M Conradie

Prys: R30,00

ePub-formaat

Ook as harde kopie beskikbaar

(277 bladsye)

Boekprys: R200,00

Bestel by bestel@bmedia.co.za of 0860 26 33 42 E-winkel: www.bybelmedia.org.za

